

# Melkmaak is makliker met 'n Ocmis-kruipspuit



Willem Scholtz van Brits se koeie word drie maal per dag gemelk en hulle lewer elke keer emmersvol lieflike volroommelk. Dit is ook geen wonder nie, want hulle kry net die beste sorg en voeding. In die middel van die winter spog Willem se plaas, Dagbreek, met lande vol sappige groen lusern en raaigras, dis nou naas die voedsame kuilvoer wat die kern van die voedingsprogram vorm.

Maar al die voer moet êrens begin. Irrigation Unlimited se Ocmis R2/2-spuit is nog 'n redelike nuweling op die plaas, maar sedert hy sy eerste straal lewegewende water in Maart uitgespuit het, het hy homself as onmisbaar bewys.

"My voergewasse word op kleinerige lande op verskillende plekke geplant en die beweegbaarheid van die Ocmis maak alles makliker. Ek haak hom agter die trekker en sleep hom tot waar hy

nodig is," sê Willem.


Die Ocmis is vir Willem 'n belegging in besparing. Op sekere lande gebruik hy nog sprinkelpypbesproeiing en hy kan dus 'n goeie vergelyking tref. Hy bespaar op arbeid, want die Ocmis kan deur een persoon hanteer word en sodra hy opgestel is om teen 'n sekere spoed te beweeg, gaan hy rustig en onverstoord voort om 'n strook te besproei wat so lank as 300 m kan wees. Afhangende van die waterdruk kan die Ocmis R2/2 sy straal water van 39 tot 55 meter ver spuit.

Die ander besparing is op water en natuurlik daarmee saam, krag, omdat die pomp nie onnodig loop nie. Willem is baie tevrede met die egaligheid en die doeltreffendheid van die watertoediening, en hy behoort te weet, want hy het tuinboukunde studeer. Hy sê dat hy maklik 'n derde minder water gebruik as vroeër.



## Hoe dit werk:

Die Ocmis-kruipspuit word staangemaak, die watertoevoer gekoppel en die spuitkarretjie word uitgetrek tot die verlangde afstand. Die inkomende water dryf 'n turbine wat die ratkas draai en dan die pyp en spuitkarretjie inkatrol. Die ratkas se spoed word gestel vir die verlangde watertoediening.

Die Ocmis spuit elke week 30 tot 40 hektaar papsopwaternat. 

Praat met Tobie van den Heever by 012-736-2121 of 082-658-6054 of [tobie@iunlimited.co.za](mailto:tobie@iunlimited.co.za) of besoek [www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za) vir meer inligting oor hulle hele reeks besproeiingstoerusting.